Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

NUUSBRIEF 18

29 Mei 2017

Geagte Ouers

NASIONALE KINDERBESKERMINGSWEEK

As deel van die bewusmakingsveldtog van vandeesweek se Kinderweek, besoek sommige Nooddienste ons skool op Dinsdag, 30 Mei 2017. Neem kennis van die besoek wat vanaf 08:00 met die nodige sirenes die kinders bewus sal maak van hul teenwoordigheid.

'n Nuwe tendens van valse noodberiggewing is aan die orde van die dag. Maak asseblief seker dat almal bewus is van die aktiwiteite môreoggend by ons skool en dat geen paniek uit die opwinding mag voortspruit nie.

REGISTRASIEPROSES GRAAD 1 VIR 2018

Die registrasieproses vir dié Graad 1-groep kom op 12 Junie 2017 tot 'n einde. Behalwe dat u Online reeds geregistreer moet wees, moet **alle dokumentasie asook die ooreenkomsvorm voor of op 12 Junie 2017 by die skool ingehandig wees**. Lig alle bekendes, bure, familie en vriende in van hierdie dringende kennisgewing.

GEMEENSKAPSPOLISIËRINGVERGADERING

Met die inisiatief van die Villieria Polisie, word 'n gemeenskapspolisiëringsvergadering gehou op Donderdag, 8 Junie 2017 om 19:00 in ons skoolsaal. Hierdie vergadering het veral ten doel om ons inwoners van die omgewing hoofsaaklik in te lig aangaande diefstal van motors asook diefstal van besittings in die motors, wat kommerwekkend toeneem. Hierdie vergadering het by uitstek die voorkoming van dié tipe diefstal ten doel.

PLASTIESE SAKKE

Op Woensdag, 31 Mei 2017 vanaf 06:30 tot 13:30 word die volgende rondte sakke uitgedeel. Alle bestellings wat tot op datum betaal is, word uitgedeel.

SKAAK

Die skaakligaseisoen is verby. Hartlik geluk aan ons O/9-span wat 'n bronsmedalje verwerf en die O/13-span wat silwer ontvang het.
Ons is trots op julle!!

REVUE

Die Juniorgroep sal regdeur die eksamen normaal aangaan met hulle oefening. Hulle sal in die skoolsaal oefen. Die Seniorgroep sal hulle laaste oefening op 5 Junie 2017 hê. Daar sal geen oefening gedurende die eksamentyd wees nie. Ekstra oefentyd sal gedurende skoolure ingeruim word. Albei groepe sal 'n ekstra oefening op Saterdag, 24 Junie 2017 hê.

Hulle sal vanaf 08:00 tot 10:30 oefen. Die Seniors sal in die skoolsaal oefen die Juniors sal in die kerksaal oefen. Alle groepe kan in die kerkterrein afgelaai word.

EISTEDDFOD

Die Eisteddfod week is verby.
Die leerders het uitstekende uitslae ontvang.
Juniorafdeling: 1 x B+, 4 x A, 4 x A+ en 1 x A++
Seniorafdeling: 9 x A, 9 x A+, 3 x A++.
Ons is ook trots om te sê dat Marizel Brits in Graad 5 die kategoriewenner van beide afdelings waarin sy deel geneem het, was. Sy het vir beide items 'n A++ ontvang. Baie geluk Marizel.

RUGBY

Oefening Maandag en Donderdag gewone tye. Wedstryde op Dinsdag, 30 Mei 2017 vind by Laerskool Villieria plaas. Spelers sal programme ontvang.

NETBAL

Die O/10 tot O/13 spanne speel hul laaste ligawedstryde Donderdag, 2 Junie 2017 by Laerskool Totiusdal. Die dogters sal programme ontvang.

GRAAD R OUPA- EN OUMADAG

Die groot kuier van oumas en oupas vind op Vrydag, 2 Junie 2017 in die skoolsaal plaas. Almal sien sommer baie uit daarna!!

EKSAMENROOSTER JUNIE 2017

DATUM	GRAAD 4 TOT 6	GRAAD 7
Ma 5 Junie	Afrikaanse Opstel	Afrikaans Opstel
Di 6 Junie		
Wo 7 Junie		
Do 8 Junie	Engels	Engels
Vr 9 Junie		
Ma 12 Junie	Wiskunde	Wiskunde
Di 13 Junie	Afrikaans	NW
Wo 14 Junie	NW/Teg	LO
Do 15 Junie	PSW	Afrikaans
Ma 19 Junie	SW Geskiedenis	SW
Di 20 Junie	SW Geografie	Tegnologie
Wo 21 Junie		EBW
Do 22 Junie		KK

Sterkte aan al ons leerders met die Junie 2017 eksamens!!

Vriendelike groete

D P HAASBROEK
HOOF

Advertensie op volgende bladsy

Pennesakkie en Kombers Projek



Soos verlede jaar, gaan daar weer in samewerking met die Villieria Polisiestasie, pennesakkies/blikkies met bruikbare skryfbehoeftes asook kombersies (kniekombersies) vir 'n minderbevoorregte skool geskenk word.

Geen van hierdie skryfbehoeftes of komberse gaan huistoe nie, maar gaan in die klaskamers gebruik word.

Kom ons maak almal ons kaste leeg waar ongebruikte skryfbehoeftes rondlê en stuur dit saam met u kind na juf. Otten.

Vra asb. ook vir vriende of familie wat nie kinders in ons skool het, om deel te neem.

Die projek eindig
22 Junie 2017